DIE BURGER

14 DESEMBER 2018

## KENNISGEWING
## AANSOEK OM STIGTING VAN DIE MITCHELL'S PLAIN TOWN CENTRE IMPROVEMENT DISTRICT (MPTCID)

**Kennisgewing geskied hiermee dat:**

1. Imofin (PTY) LTD, synde die geregistreerde eienaar van Erf 29370, Mitchell's Plain soos verteenwoordig deur Mnr B Bordiss het aansoek gedoen om die stigting van die Mitchell's Plain Town Centre Improvement District (MPTCID) ingevolge Kaapstad se Spesiale-aanslag-gebiede-verordening 2012, soos gewysig 2016, saam gelees met Kaapstad se Spesiale-aanslag-gebied-beleid 2017 in die gebied wat alle belastingbetalende eiendomme insluit wat begrens word deur:

**Noordelike Grens:** Vanaf die spoorlyn oor Sewendelaan en volg Derdelaan tot en met die kruising van Eerstelaan (spoorlynreserwe is uitgesluit).

**Oostelike Grens:** Vanaf die kruising van Eerstelaan en Derdelaan suidwaarts langs Eerstelaan en Katdoringstraat tot en met die kruising van met Vierdelaan.

**Suidelike Grens:** Vanaf die kruising van Vierdelaan en Katdoringstaat vold die grens Vierdelaan westwaarts oor Sewendelaan tot en met die spoorlyn.

2. Die aansoek, tesame met ander besonderhede van die aansoek, lê ter insae by die kantoor van die Sentrumbestuurder, Station Plaza Winkelsentrum, 7de Laan, Town Centre, Mitchell's Plain en by die Stad Kaapstad, CID kantoor, 8de Verdieping, Burgersentrum, Hertzog Boulevard 12, Kaapstad (navrae: E. Scott, Tel 021 400 1872).

3. Enige besware teen die stigting van die Mitchell's Plain Town Centre Improvement District moet skriftelik gerig word aan die Stadsbestuurder, Privaatsak 298, Kaapstad, 8000 of per hand afgelewer word by die Stadsbestuurder, 5de Verdieping, Podiumblok, Burgersentrum, Hertzog Boulevard 12, Kaapstad of stuur 'n e-pos aan eddie.scott@capetown.gov.za.

4. Besware moet die Stad teen nie later as 31 Januarie 2019 bereik nie.

5. Kennisgewing van 'n Openbare vergadering met die doel om:

I) Tersaaklike inligting rakende die aansoek te verskaf.
ii) Praktiese implikasies te bespreek wat daarmee verband hou.

**Datum:** 22 Januarie 2019
**Tyd:** 14:00
**Plek:** Raadsaal
**Ligging:** Stad Kaapstad Lentegeur Administratiewe Kantoor, Hoek van Merrydale & Melkbosstraat, Lentegeur, Mitchell's Plain

**ALLE GEAFEKTEERDE EIENAARS VAN EIENDOM IN DIE VOORGESTELDE SPESIALE-AANSLAGGEBIED WORD VERSOEK OM DIE VERGADERING BY TE WOON.**

Vir enige navrae kontak Bradley Bordiss Tel: 021 448 4552

X1V4TNUH-DB141218